## 23 November Haggai 1:1-15

### *Plaas God eerste in jou lewe*

Het jy al nagedink oor watter tyd en plek God in beslag neem elke dag van jou lewe? Anders gevra: Aan wie behoort hierdie dag? Bring jy jou dae bewustelik so deur dat jy in alles wat jy dink, doen en sê die Here eerste stel en Hom dien? Haggai bring hierdie vraag op 'n baie skerp wyse onder die aandag van die volk op die 29ste September, 520 voor Christus. Hulle is besig om die Nuwemaansfees te vier, maar die atmosfeer op die fees is baie gedemp omdat hulle lewensomstandighede benard is. Polities, ekonomies en kerklik lyk alles sleg. Maar by nadere ondersoek tog ook nie so sleg nie, want Haggai wys daarop dat hulle wel in mooi huise bly. Hulle bly in mooi huise terwyl die Here se huis 'n puinhoop was. En dit het die ware probleem ontbloot. Hulle prioriteite was verkeerd. Die Here het die laaste plek op hulle dag se taaklys ingeneem. Hulle eie belange het al hulle tyd en aandag in beslag geneem. Hierdie dinge was egter nie vervullend en suksesvol nie, omdat hulle dit nie vir die Here gedoen het nie. Die Here roep die volk dus op om hulle prioriteite reg te stel; Hy moet eerste wees en dan my eie belange.

Waar plaas jy God in jou lewe? Hy eis om eerste te staan. Dink vandag hieroor na.

Sing: Psalm 147:1, 4

Ds. P. Venter (Rustenburg-Wes)